

# St. Koloman van Melk

## 13 Oktober

(11de eeu)

Koloman was afkomstig uit Ierland en op 'n pelgrimstog na die Heilige Land. In die jaar 1012 word hy egter by Stockerau in Oostenryk as 'n Hongaarse spioen aangesien, gevang en aan 'n boom opgehang. Twee jaar lank sou sy lyk aan dié boom hang sonder enige teken van ontbinding. Uiteindelik is sy lyk deur markgraaf Hendrik II afgehaal en na die klooster van Melk gebring en daar begrawe. Sy graftombe het gou 'n bedevaartsoord geword en deur die eeue is baie wonderwerke aan sy voorspraak toegeskryf. Hy word vereer as een van die nasionale beskermheiliges van Oostenryk.

© Die Oratorium Uitgewery